# Rustenburg Gemeenskapskerk

## 26 Feb - 4 Maart 2023


26 Zandstraat
Rustenburg
0299
www.rtbgkerk.org

Ds. Theo Möller - 066 270 3086
Ds. Ignatius Rademeyer - 071 675 5546
E-pos / E-mail: estavanzyl0812@gmail.com
Registration number: MPC: PBO 930046902


## Vandag by die Kerk

**09h00 - Erediens**
**10h00 - Kategese**
**10h00 - Koffie en verversings: Wyk 14**
**Jeug verkoop doughnuts vir toer**
**10h15 - Karnaval vergadering**

## JOU VERHOUDING MET GOD.

***Efesiërs 4:1:*** *"Daarom spoor ek julle aan, ek, wat ter wille van die Here 'n gevangene is, om so te leef dat julle die roeping waarmee julle geroep is, waardig is…"*

Anders as wat meeste van ons dink, begin 'n verhouding met ander mense by ons verhouding met God.

Onthou jy wat het Jesus die skrifgeleerde geantwoord toe hy gevra het wat die belangrikste gebod in die Wet was? Jesus se antwoord was: "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die belangrikste en die eerste gebod" (Mattheus 22:37-38).

As 'n mens nie in die eerste plek 'n verhouding met God het nie, gaan jy ook nie goeie verhoudings met mense hê nie.

Begin dus by jou verhouding met God. Maak seker dat jy elke dag, nie net op Sondae nie, **tyd met Hom spandeer**. Wees stil by Hom en leer van Hom. Luister wanneer Hy met jou praat. En vertrou Hom dan om jou te help om aan Hom gehoorsaam te wees.

Ons mense-verhoudings gaan daarby baat




## Verjaarsdae 26 Feb – 4 Maart 2023

27-Anneke du Toit, Theo Drescher (J)
Isabel McDonald, Vicky Teesen
Sarel vd Linde
28-Lynn van Tonder
MAART
1– Hennie Schoeman
2-Johan Vosloo
3-Brendan Heymans
4-Johann Pretorius
5-Arlien Pieters



## Skakel in by die volgende whatsapp groepe


1. RGK Goeie Nuus
2. RGK Werksoekspan
3. RGK Rek-jou-Rand groep.

Whatsapp versoek na
ds. Theo by 066 270 3086

## -i toonbank in portaal vir:

- Nuwe lidmaat registrasie
- Nuwe selfoonnommers / E-posse adresse en veranderinge
- Inligting oor gemeente-projekte
- Inligting oor inskakeling by 'n omgeegroep,bediening, ens.
- Huisbesoek-afsprake
- Maandelikse dankoffer-reëlings
- Kategese program en registrasie
- Kerk-almanakke
- Karnaval inligting en kaartjies

## Buffelspoort Karnaval
## 4 Maart 2023



Trots aangebied deur die RUSTENBURG GEMEENSKAPSKERK in samewerking met Pick 'n Pay Beyers Naudé en Greystone Mall

Baie dankie aan ons lidmate se bydraes, beplanning, tyd, gesindheid en liefde vir God

Ons is dankbaar dat die Finansiële komitee bereid was om groot uitgawes vir produkte, infra-struktuur, kunstenaars, ens, aan te gaan. Dankie ook vir al die baie borge aanboord

Daar is nog een week oor! Ons weet ons het 'n baie bemarkbare produk. Help asb. met bemarking, kaartjie-verkope en u eie entoesiasme.

Vir die Here gaan ons GROOT. Hy verdien 'n groot dankie van Sy kinders

## Karnaval reëlings

- Al die leiers moet asb teen Dinsdag vir Esta 'n naamlys stuur van almal wat help by die karnaval.
- Leiers kan Woensdag en Donderdag gratis werkers bandjies optel by Zandstr 26.
- Laat weet asb wie in ATKV bespreek het vir die naweek, ons moet ook weet hoeveel laerskool kinders, aangesien hulle 'n ander bandjie moet kry vir toegang tot ATKV

## Dankoffers

Ons Kerk se:
- instandhouding
- groei
- hulpverlening kom @ 'n prys.

Kan jy asb. maandeliks help?
□ EFT
□ Stoporder

Bydraes tot Kerk en Barmhartigheid
Rustenburg Gemeenskapskerk
FNB Tjekrekening: 62178931129
Takkode: 258055
Verwysing: Naam en van
**Kaart fasiliteite beskikbaar by I-toonbank*

- Verkoop 20 of meer karnaval kaartjies en staan 'n kans om 'n heel skaap te wen!
- Die kaartjies @ R180 is 'n winskoop
  - Daar is 'n wonderlike verhoog produksie, arena-program, uitstallings, verversings en veiligheid
- Koop aanlyn kaartjies vir die Karnaval op ons Kerk se webblad, volg die link: https://www.rtbgkerk.org/online-store

## Erediens 5 Maart 2023

**Om 10h00 by ATKV onder die droogste, koelste, naaste tent**

## Gemeente-braai
## 12 Maart 2023



Kom kuier na Kerk lekker saam onder die koeltebome. Bring eie vleis, drinkgoed + knyprooster. Word voorsien: Vure, roosters, slaaie, stoele tafels, roomys, musiek, springkastele en speletjies

## Teebeurte

12 Maart : Gemeente –braai: Wyk 1+2 +16